Liewe Gemeente

Ek hoop dat julle elkeen so opgewonde is soos ek oor 2018. Soos julle weet is ons Tema vir die jaar is **"Sy Hartklop"** en ons skrif vir die jaar vind ons in *Handelinge 13:22 (NLV) "…hy is 'n man na My hart. Hy sal alles doen wat ek wil hê…" (NLV) ….He's a man whose heart beats to my heart, a man who will do what I tell him..." (MSG)*

Ons gaan hierdie jaar spesifiek kyk na wat vir die Here **belangrik** is en wat **op Sy hart is** vir ons! Sy agenda, **"Sy Hartklop". Johannes 2:44 DB "**Dit laat my wonder: Hoe gaan julle ooit glo? Julle is heeltemal op die verkeerde pad. Julle wil so graag **belangrik** wees in mekaar se oë dat julle glad nie omgee wie of wat vir die enigste God **belangrik** is nie".

Ps 86:16 "Help my, Here! **Maak u hart vir my oop."** - *Sy Liefde - Sy Genade - Sy nuwe dinge* – Sy *Geheimenisse* - Sy *Waarhede ens.* Ons kan opgewonde wees oor wat in Sy hart vir ons voorberei is, dinge wat ons nie eers aan gedink het nie! 1 Korintiërs 2:9 (AOV) "maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en **in die hart van 'n mens nie opgekom het nie**, **wat God berei het** vir die wat Hom liefhet". *(GNB) However, as the scripture says, "What no one ever saw or heard, what no one ever thought could happen, is the very thing God prepared for those who love him."*

Hier volg van die reeks preke waarna ons kan uitsien:

1. 'Sy Hartklop' – KOM na My toe!

Ef 3:19 Mag God julle lewens met sy teenwoordigheid oorspoel sodat daar nie 'n stukkie van julle lewens is wat nie deur God se teenwoordigheid geraak word nie.

2. 'Sy Hartklop' – GAAN en sondig nie meer nie!

John 8:11 (AOV) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. *(GNB) "No one, sir," she answered. "Well, then," Jesus said, "I do not condemn you either. Go, but do not sin again."*

3. 'Sy Hartklop' – GAAN die oes is groot!

Luke 10:2 (AOV) Hy sê toe vir hulle: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur. *(GNB) He said to them, "There is a large harvest, but few workers to gather it in. Pray to the owner of the harvest that he will send out workers to gather in his harvest.*

4. ‘Sy Hartklop’ – GAAN maak dissipels!

Matthew 28:19 (AOV) Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. *(GNB) Go, then, to all peoples everywhere and make them my disciples: baptize them in the name of the Father, the Son, and the Holy Spirit,*

5. ‘Sy Hartklop’ – GAAN dra vrug!

Ps 112:9 Hy strooi sy besittings uit; arm mense dra hy op die hande. Hy hou nooit op om goed te doen nie. Wat ’n leefstyl! Dit bring baie eer en vreugde. *He gives generously to the needy, and his kindness never fails; he will be powerful and respected.*

Ek plaas ook ‘n uitleg van een van ons eerste boodskappe van die jaar:

“Hartklop” groete! *Robbie*